
THE KHOIKHOI PEOPLES' ROOIBOS BIOCULTURAL COMMUNITY PROTOCOL

REPRESENTED BY THE NATIONAL KHOISAN COUNCIL AND
INCLUDING THE CEDERBERG BELT REGION'S
ROOIBOS INDIGENOUS FARMING COMMUNITIES

DIE KHOIKHOIVOLKE SE ROOIBOS BOKULTURELE GEMEENSKAPSPROTOKOL

VERTEENWOORDIG DEUR DIE NASIONALE KHOISAN RAAD
INSLUITEND DIE SEDERBERG STROOK SE GEBIED VAN
ROOIBOS INHEEMSE BOERDERYGEMEENSKAPPE



THE KHOIKHOI PEOPLES' ROOIBOS BIOCULTURAL COMMUNITY PROTOCOL

REPRESENTED BY THE NATIONAL KHOISAN COUNCIL AND
INCLUDING THE CEDERBERG BELT REGION'S ROOIBOS
INDIGENOUS FARMING COMMUNITIES*

*Cederberg indigenous farming communities:
Wupperthal, Nieuwoudtville and Suid Bokkeveld.

Main Khoikhoi groupings:
Griqua, Koranna, Nama and Cape Khoi.

DIE KHOIKHOIVOLKE SE ROOIBOS BIODIVERSITEIT GEMEENSKAPSPROTOKOL

VERTEENWOORDIG DEUR DIE NASIONALE KHOISAN RAAD
INSLUITEND DIE SEDERBERG STROOK SE GEBIED VAN
ROOIBOS INHEEMSE BOERDERYGEMEENSAPPE

*Sederberg inheemse boerderygemeenskappe:
Wupperthal, Nieuwoudtville en Suid Bokkeveld.

Hoof Khoi-khoigroeperinge:
Griekwa, Koranna, Nama en Kaapse Khoi.

Acknowledgements

This Biocultural Community Protocol, as developed by the National Khoisan Council, was supported by a number of key partners. We thank our partners: The ABS Capacity Development Initiative, Heinrich Böll Stiftung, Open Society Initiative for Southern Africa and Natural Justice who tirelessly walked this journey in solidarity with these communities.

Ter erkenning

Hierdie Biokulturele Gemeenskapsprotokol is deur die Nasionale Khoisan-gemeenskappe ontwikkel, bygestaan deur 'n aantal sleuteldeelgenote. Ons opregte dank aan ons deelgenote: Die TVV Kapasiteit Ontwikkelingsinisiatief, Heinrich Böll Stiftung, die Oop Gemeenskapsinisiatief van Suidelike Afrika en Natural Justice wat met deursettingsvermoë, in noue samewerking met die gemeenskappe, saam hierdie pad geloop het.

Partners/Deelgenote:



Cover Photo/Voorbladfoto: Riel Dancers / Riel Dansers

Authors/Outeurs: National Khoisan Council, Cederberg Belt Indigenous Farmers Representatives / Nasionale Khoi en San Raad, Verteenwoordigers van die Sederberg Stroom se Inheemse Boere

Contributors/Bydraers: Natural Justice Staff and Interns, Roger Chennells and Dr Willa Boezak

Afrikaans Translation/Afrikaanse Vertaling: Dr. Willa Boezak

Editing/Redigering: Natural Justice Staff and Interns

English Proofreader/Engelse Proefleser: Aneshree Naidoo

Afrikaans Proofreader/Afrikaanse Proefleser: Dr. Willa Boezak

Design/Ontwerp: Katerina Sonntagova, The Way Between

Photography/Fotografie: Natural Justice Staff and Interns

Published/Gepubliseer: 2019

Contents

Abbreviations	ii
<hr/>	
1. THE BIOCULTURAL COMMUNITY PROTOCOL	1
<hr/>	
2. THE KHOIKHOI	21
<hr/>	
3. STAKEHOLDERS INVOLVED IN THE BCP	45
<hr/>	
4. OUR TRADITIONAL KNOWLEDGE TO THE USES OF ROOIBOS	53
<hr/>	
5. LEGAL FRAMEWORK	67
<hr/>	
6. BENEFIT-SHARING	89
<hr/>	
7. CONCLUSION	101
<hr/>	
References and Further Reading	
<hr/>	
Annexure: Intellectual Property Rights	

Inhoud

Afkortings	iii
<hr/>	
1. DIE BIODIVERSITEITSGEMEENSKAPSPROKOL	1
<hr/>	
2. DIE KHOI-KHOIN	21
<hr/>	
3. AANDEELHOERS BETROKKE BY DIE BCP	45
<hr/>	
4. ONS TRADISIONELE KENNIS TOT DIE GEBRUIKE VAN ROOIBOS	53
<hr/>	
5. WETLIKE RAAMWERK	67
<hr/>	
6. VOORDEELVERDELING	89
<hr/>	
7. KONKLUSIE	101
<hr/>	
References and Further Reading	
<hr/>	
Bylae: Intellektuele Eiendomsregte	

Abbreviations

Access and Benefit-sharing (ABS)
Bioprospecting, Access and Benefit-sharing (BABS)
Biocultural Community Protocol (BCP)
Commission for the Promotion and Protection of the Rights of Cultural, Religious and Linguistic Communities (CRL Rights Commission)
Community Protocol (CP)
Convention on Biological Diversity (CBD)
Council for Scientific and Industrial Research (CSIR)
Department of Cooperative Governance and Traditional Affairs (COGTA)
Department of Science and Technology (DST)
Department of Environmental Affairs (DEA)
Department of Environment, Forestry and Fisheries (DEFF) (DST)
Food and Agricultural Organisation (FAO)
Free, Prior and Informed Consent (FPIC)
Indigenous and Local Communities (ILCs)
Intellectual Property (IP)
Intellectual Property Rights (IPR)
International Treaty on Plant Genetic Resources for Food and Agriculture (ITPGRFA)
Khoi Cultural Heritage Development Council (KCHDC)
Material Transfer Agreements (MTAs)
National Khoisan Council (NKC)
National Environmental Management: Biodiversity Act 10 of 2004 (NEMBA) (NKC)
Nagoya Protocol on Access to Genetic Resources and the Fair and Equitable Sharing of Benefits Arising from their Utilization to the Convention on Biological Diversity (Nagoya Protocol)
Prior and Informed Consent (PIC)
Protection, Promotion, Development and Management of Indigenous Knowledge Act 6 of 2018 (Indigenous Knowledge Act)
South African San Council (SASC)
Traditional Knowledge (TK)
United Nations (UN)
United Nations Declaration on the Rights of Indigenous Peoples (UNDRIP)
The World Intellectual Property Organization (WIPO)

Afkortings

Biokulturele Gemeenskapsprotokol (BGP/BCP)
Bioprospektering, Toegang en Voordeelverdeling (BTV/BABS)
Departement van Omgewingsake (DOS/DEA)
Departement van Omgewing, Bosbou en Visserye (DOBV/DEFF)
Departement van Wetenskap en Tegnologie (DWT/DST)
Gemeenskapsprotokol (GP/CP)
Intellektuele Eiendom (IE/IP)
Intellektuele Eiendomsregte (IER/IPR)
Inheemse en Plaaslike Gemeenskappe (IPGs/ILCs)
Internasionale Verdrag oor Plant Genetiese Bronne vir Voedsel en Landbou (IVPGBVL/ITPGRFA)
Konvensie oor Biologiese Diversiteit (KBD/CBD)
Kommissie vir die Bevordering en Beskerming van die Regte van Kultuur-, Godsdiens- en Taalgemeenskappe (KGT Kommissie)
Khoi Kulturele Erfenis Ontwikkelingsraad (KKEOR/KCHDC)
Materiële Oordragsooreenkomste (MOOs/MTAs)
Nagoya Protokol oor Toegang tot Genetiese Bronne en die Billike en Regverdige Verdeling van Voordele wat spruit uit hulle Gebruikmaking van die Konvensie oor Biologiese Diversiteit (Nagoya Protokol)
Nasionale Khoisan Raad (NKR/NKC)
Nasionale Omgewingsbestuur: Wet op Biodiversiteit, 10 van 2004 (NOWBD/NEMBA)
Raad vir Wetenskaplike en Industriële Navorsing (RWIN/CSIR)
Samewerkende Regering en Tradisionele Sake (SaRTS/CoGTA)
Suid-Afrikaanse San Raad (SASR/SASC)
Toegang en Voordeelverdeling (TVV/ABS)
Tradisionele Kennis (TK)
Vooraf, Ingeligte Toestemming (VIT/PIC)
Voedsel en Landbou Organisasie (VLO/FAO)
Verenigde Nasies (VN/UN)
Verenigde Nasies Deklarasie oor die Regte van Inheemse Volkere (VNDRIV/UNDRIP)
Vrye, Voorafgaande, Ingeligte Toestemming (VVIT/FPIC)
Beskerming, Bevordering, Ontwikkeling en Bestuur van Inheemse Kennis, Wet 6 van 2018 (Wet op Inheemse Kennis)
Die Wêreld Intellektuele Eiendomsorganisasie (WIEO/WIPO)

CHAPTER 1 | CHAPTER 1

1.1 What is a Biocultural Community Protocol?

1.1 Wat is 'n Biokulturele Gemeenskapsprotokol?

1.2 The Rooibos Restitution Journey

1.2 Die Rooibos Pad van Restitusie

1.3 Why do we need a Biocultural Community Protocol?

1.3 Waarom benodig ons 'n Biokulturele Gemeenskapsprotokol?

ENGLISH

AFRIKAANS

1

THE BIOCULTURAL COMMUNITY PROTOCOL

DIE BIOKULTURELE GEMEENSKAPS -PROTOKOL

1.1 | What is a Biocultural Community Protocol?

“Community protocols is a term that covers a broad array of expressions, articulations, rules and practices generated by communities to set out how they expect other stakeholders to engage with them. They may reference customary as well as national or international laws to affirm their rights to be approached according to a certain set of standards.

Articulating community priorities and challenges, their relationship to their customary resources, guiding external actors on their internal governance and how to obtain free, prior, informed consent.

Community protocols provide communities with an opportunity to focus on their development aspirations vis-à-vis their rights, and to articulate, for themselves and for users, their understanding of their bio-cultural heritage and therefore on ‘how’ they will engage with a variety of stakeholders.

By considering the interconnections of their land rights, current socio-economic situation, environmental concerns, customary laws and traditional knowledge, communities are better placed to determine for themselves how to negotiate with a variety of actors.”

- The Mo'otz Kuxtal Voluntary Guidelines, adopted by the 13th Conference of the Parties of the Convention on Biological Diversity (CBD)

1.1 | Wat Is 'n Biokulturele Gemeenskapsprotokol?

“Gemeenskapsprotokolle is 'n term wat 'n breë omvang van uitdrukkings, bewoordinge, reëls en praktyke dek, geskep deur gemeenskappe om uit te spel wat hulle van ander aandeelhouers verwag wanneer hulle in gesprek tree. Hulle mag gewoontereg asook nasionale of internasionale wette gebruik en staan op hul reg om genader te word in terme van 'n bepaalde stel standarde.

Dis die verwoording van die gemeenskap se prioriteite en uitdagings, hulle verhouding tot hul gebruiklike bronne, die aanwending van eksterne deelnemers aan hul interne bestuurstelsel en hoe om vrye, voorafgaande, ingeligte toestemming te bekom.

Gemeenskapsprotokolle gee aan gemeenskappe 'n geleentheid om op hulle ontwikkelingstewe te fokus; om aangaande hulle regte vir hulleself en gebruikers hul verstaan van hulle biokulturele erfenis te verduidelik; 'n fokus dus op 'hoe' hulle met 'n verskeidenheid van aandeelhouers in gesprek sal tree.

Wanneer gemeenskappe die verbande lê tussen hulle grondregte, die huidige sosio-ekonomiese situasie, omgewingsfaktore, hul gewoontereg en tradisionele kennis, is hulle beter geplaas om vir hulleself te bepaal hoe om met verskeie deelnemers te onderhandel.”

- Die mo'otz kuxtal vrywilligersriglyne, soos aanvaar by die 13de konferensie van deelnemers aan die konvensie oor biologiese diversiteit (kdb/cbd).



Anthony Andrews, Nicolas Booyen, Johannes Links in Lambert's Bay Harbour

Anthony Andrews, Nicolas Booyen, Johannes Links in Lambert's Bay Hawe

DIFFERENT NAMES THAT ARE USED INTERCHANGEABLY:

- Biocultural Community Protocol (BCP)
- Community protocols (CP)
- Biocultural protocols

VERSKILLENDE WISSELTARME WAT GEBRUIK WORD:

- Biokulturele Gemeenskapsprotokol (BGP/BCP)
- Gemeenskapsprotokolle
- Biokulturele Protokolle



Rooibos plant

Rooibos plant

For more information on BCPs please visit:

<https://www.cbd.int/traditional/Protocol.shtml>

<https://naturaljustice.org/community-protocols/>

Communities have always had a set of written, but mostly unwritten, rules about how to interact with outsiders and how they want outsiders to interact with them. Using the process of drafting a community protocol, communities are able to set out these rules in an organised and structured way to support their current or preferred way of life and show how they are organised for purposes of consent.

Sometimes known as a “Biocultural Community Protocol” (BCP), a community protocol also contains information on the community’s customary way of life, knowledge of resources and use of biodiversity. They support communities to assert their rights and duties in respect of how they govern their territories, as well as conserve and sustainably use their natural resources.

The term “community protocols” (CP) is referenced in international law. *The Nagoya Protocol on Access to Genetic Resources and the Fair and Equitable Sharing of Benefits Arising from their Utilization*, a protocol to the UN Convention on Biological Diversity, is the first legally binding international framework that establishes a set of rights for indigenous peoples and local

communities over their genetic resources and traditional knowledge. Specifically, it requires external parties to obtain prior, informed consent (PIC) and to take into consideration customary laws and local procedures for interacting with the communities and their resources.

In South Africa, CPs are referenced in the *South African National Environmental Management: Biodiversity Act 2004*, *Bioprospecting, Access and Benefit-Sharing Regulations 2008*, *Indigenous Knowledge Systems Act 2018*, and the *Intellectual Property Laws Amendment Act 2013*.

While the process holds potential for the protection of traditional knowledge and the generation of local benefits, the success of it depends on local implementation of Access and Benefit-sharing (ABS) frameworks and consent processes. CPs were introduced into the *Nagoya Protocol* to address these implementation challenges and are subsequently legally recognised. International recognition of the approach provides a unique opportunity for communities to use community protocols to regulate access to their genetic resources and traditional knowledge according to locally-determined terms and conditions.

Gemeenskappe het nog altyd ‘n stel geskrewe, maar meestal ongeskrewe reëls gehad oor hoe hulle in gesprek met buitelanders wil tree en hoe hulle wil hê buitelanders met hulle moet onderhandel. Deur die proses van die opstel van ‘n gemeenskapsprotokol te gebruik is gemeenskappe in staat om hierdie reëls op ‘n georganiseerde en gestruktureerde manier aan te wend om hul huidige, of die lewenswyse wat hulle verkies, te verduidelik en hul georganiseerdheid te toon vir doeleindes van toestemming.

Soms bekend as ‘n “Biokulturele Gemeenskapsprotokol”, sal ‘n gemeenskapsprotokol ook inligting bevat oor die gemeenskap se lewenswyse gebaseer op gewoonereg, kennis van bronne en die gebruik van biodiversiteit. Dit spoor gemeenskappe aan om hulle regte en verantwoordelikhede uit te oefen betreffende die manier waarop hulle hul gebiede bestuur en ook hoe hulle hul natuurlike bronne volhoubaar gebruik en bewaar.

Die term “gemeenskapsprotokolle” is aangewend in die internasionale *Nagoya Protokol*, en ook in die Suid-Afrikaanse *Nasionale Omgewingsbestuur: Wet op Biodiversiteit 2004*, *Bioprospektering, Toegang en Voordeelverdelingsregulasies 2008*, *Wet op Inheemse Kennisstelsels*

2018, en die *Wet op Intellektuele Eiendomswetgewing Amendement 2013*. Die *Nagoya Protokol oor Toegang tot Genetiese Bronne en die Billike en Regverdigte Verdeling van Voordele Voortspruitend uit hul Verbruik (TVV/ABS)* tot die Konvensie oor Biologiese Diversiteit is die eerste wetlik-bindende internasionale raamwerk wat ‘n stel regte vir inheemse volkere en plaaslike gemeenskappe vestig oor hul genetiese bronne en tradisionele kennis. Dit vereis spesifiek van eksterne partye om voorafgaande, ingeligte toestemming (VIT/PIC) te verkry met inagneming van hulle gewoonereg en plaaslike prosedures.

Terwyl die proses moontlikhede inhou vir die beskerming van tradisionele kennis en die generering van plaaslike voordele, hang die sukses af van die plaaslike toepassing van TVV-raamwerke (Toegang en Voordeelverdeling) en toestemmingsprosesse. Gemeenskapsprotokolle was in die *Nagoya Protokol* ingelyf om hierdie uitdagings van implementering aan te spreek, wat dan ook later wetlik erken was. Internasionale erkenning van daardie benadering verskaf ‘n unieke geleentheid vir gemeenskappe om gemeenskapsprotokolle te gebruik, om so toegang tot hul genetiese bronne en tradisionele kennis te reguleer volgens die terme en voorwaardes soos plaaslik bepaal.

For more information on BCPs please visit:

<https://www.cbd.int/traditional/Protocol.shtml>

<https://naturaljustice.org/community-protocols/>



NKC meeting with lawyer & negotiating team discussing final stages of Rooibos negotiations

NKR Vergadering met Prokureurs & Onderhandelings span bespreek finale stappe van Rooibos Onderhandelings

Stanley Peterson, Jan Pietersen, Petrus Vaalbooi, Cecil LeFleur gathered together at the Rooibos Community Consultation

Stanley Peterson, Jan Pietersen, Petrus Vaalbooi, Cecil LeFleur versamel saam by die Rooibos Gemeenskaps Konsultasies



1.2 | The Rooibos Restitution Journey

We, the Khoikhoi, come from a strong oral tradition, thereby passing on our wealth of knowledge about the plants and wildlife of Southern Africa from one generation to the next. This includes our knowledge of the uses of Rooibos (*Aspalathus linearis*), an indigenous South African plant which is the foundation of today's multi-million rand Rooibos industry. The "Rooibos" name is also registered as a Geographical Indicator with The World Intellectual Property Organization (WIPO).

Rooibos is endemic to South Africa and grows in the Cederberg mountains in the Western Cape province, as well as in some parts of the Northern and Eastern Cape provinces. It is also known by us as "die arm man se tee" (the poor man's tea) or "bossie tee" (bush tea).

As an antioxidant, the plant has numerous health benefits and uses. A national and international industry has formed around rooibos tea, cosmetics and other rooibos products. However, the industry did not acknowledge us as its traditional knowledge holders and engaged in the commercialisation of Rooibos without our consent, nor were any benefits shared with us. Our knowledge was misappropriated over 200 years ago.

We only became aware of our right to benefit from the use of our knowledge in 2010 because of a biopiracy case which Natural Justice advocated against. This was sparked when multinational company Nestlé attempted to register five Rooibos (and Honeybush) patents for the development of hair and skin products without the consent of the provider country (South Africa) and the knowledge holders. Natural Justice and a Swiss organisation, Berne Declaration, launched an international campaign against Nestlé

for contravening South African law and the UN Convention on Biological Diversity/*Nagoya Protocol*. The patents were ultimately unsuccessful and Nestlé subsequently approached South Africa and the knowledge holders for consent in the development of a rooibos beverage product. This was the first Access and Benefit Sharing Agreement on Rooibos.

In 2010, the South African San Council initiated the process of advocating for the recognition of their indigenous knowledge to the uses of Rooibos and other plants found in South Africa. In 2012, we, the Khoikhoi, as represented by the National Khoisan Council, joined the San community in fighting for our recognition as traditional knowledge holders to the uses of Rooibos, with the support of Natural Justice. Natural Justice approached the San lawyer, Roger Chennells, to discuss how the Khoikhoi could also be accommodated in the struggle for recognition. At the time the then Department of Environmental Affairs and the Council for Scientific and Industrial Research also started to recognise the Khoikhoi as shared traditional knowledge holders. This allowed the Khoikhoi, in 2012, to also secure their rights as knowledge holders to key plant species, including Rooibos.

Hereby, in 2012, the National Khoisan Council and the South African San Council entered into a 50/50 benefit-sharing partnership as shared knowledge holders to three key plant species.

That same year, we, the National Khoisan Council, decided to develop a Community Protocol (CP) with the objective of articulating who the Khoisan communities are as non-recognised African indigenous communities in South Africa. By 2013, we had identified the priority issues of our CP as non-recognised indigenous

1.2 | Die Rooibos Pad van Restitusie

Ons, die Khoi-Khoi, kom van 'n sterk mondelinge tradisie, en dra so ons skatte van kennis aangaande die plante en diere van Suid-Afrika oor van een geslag tot die daaropvolgende. Hierdie sluit ons kennis in oor die gebruike van Rooibos (*Aspalathus linearis*), wat bygedra het tot die stewige basis van vandag se multi-miljoen rand Rooibos-industrie. Die "Rooibos" naam is ook geregistreer as 'n Geografiese Indikator by Die Wêreld Intellektuele Eiendomsorganisasie (WIEO).

Rooibos is eie aan Suid-Afrika en groei slegs in die Sederbergreeks in die Weskaapse provinsie sowel as sekere dele van die Noord- en Oos-Kaap Provinsies. Dit is ook bekend deur ons as "die arm man se tee" of "bossie tee". As 'n antioksidant het die plant talryke gesondheidsvoordele. 'n Nasionale en internasionale industrie het rondom rooibostee ontstaan, kosmetiek en ander produkte. Meer as 200 jaar gelede is ons kennis deur die Koloniale voorgeslag wanaangewend. Hulle het nie ons erken as die tradisionele kennishouers nie en aan die kommersialisering van Rooibos deelgeneem sonder ons toestemming of enige voordele wat met ons gedeel was.

Ons het eers in 2010 van onse reg tot voordele uit die gebruik van ons kennis bewus geword toe ons. Natural Justice 'n bioplagiaat saak aangemeld het. Dit was aangedryf deur multi-nasionale Nestlé se poging om vyf Rooibos- (en Heuningbos-) patente te registreer vir die ontwikkeling van haar- en velprodukte. Natural Justice en 'n Switserse organisasie, Berne Erklärung, het 'n wêreldwye veldtog teen Nestlé geloods vir oortreding van Suid-Afrikaanse wetgewing en die Konvensie oor Biologiese Diversiteit/*Nagoya Protokol*. Die patente was uiteindelik onsuksesvol en Nestlé het South Africa gevolglik genader en die kennishouers vir die toestemming

in die ontwikkeling van 'n rooibos drankieprodukt. Dit was die eerste Toegang en Voordeelverdelingsooreenkoms oor Rooibos.

Gevolglik het die Suid-Afrikaanse San Raad in 2010 die proses van voorspraak geïnisieer vir die erkenning van hul inheemse kennis oor die gebruike van Rooibos en ander plante wat in Suid-Afrika gevind word. Natural Justice het die San regsvertegenwoordiger genader om te bespreek hoe die Khoi-Khoi ook in die stryd op erkenning geakkommodeer kan word. In daardie tyd het die toe Departement van Omgewingsake en die Raad vir Wetenskaplike en Industriële Navorsing ook begin om die Khoi-Khoi te erken as mede-houers van tradisionele kennis. Dit het die deur in 2012 geopen vir die Khoi-Khoi om ook hulle regte te verseker as kennishouers van sleutel plantspesies, insluitend Rooibos.

Daardeur het die Nasionale Khoisan Raad en die Suid-Afrikaanse San Raad 'n 50/50% voordeelverdeling deelgenootskap gesluit as mede-kennishouers.

In daardie selfde jaar het ons besluit om 'n gemeenskapsprotokol te ontwikkel (GP) met die doel om uit te spel wie die Khoi- en Sangemeenskappe is as nie-erkende Afrika-inheemse gemeenskappe in Suid-Afrika. Teen 2013 het ons die kwessies wat prioriteit in ons GP moet geniet, geïdentifiseer. Onder meer sluit dit in:

- **Grondwetlike erkenning;**
- **Erkenning van ons tale;**
- **Grondregte;**
- **Intellektuele eiendom & Toegang en Voordeelverdeling;**
- **Vroue en jeug; en**
- **Genesing & ekonomiese ontwikkeling**

communities in South Africa. These included, amongst others:

- **Constitutional recognition;**
- **Recognition of our languages;**
- **Land rights;**
- **Intellectual property & Access and Benefit-sharing;**
- **Women & youth; and**
- **Healing & economic development.**

But, as the struggle for recognition as knowledge holders to the uses of Rooibos intensified, we decided to put the broader CP process on hold. We had entered into ABS negotiations for Rooibos and decided to focus on this process. We tried to get the South African Rooibos Council (industry) to negotiate benefits at our first meeting at !Khwa ttu in 2012. However, several key issues remained for the industry; these affected the negotiations. The issues revolved around our recognition as traditional knowledge holders; who the legitimate community representatives are; understanding how the community is organised; and the then absence of the representation of Cederberg indigenous farmers in the negotiations.

The main contention was whether the Khoikhoi and San were, in fact, the knowledge holders to the uses of Rooibos. This led to the South African government commissioning the Traditional Knowledge study on Rooibos and Honeybush in 2014. It confirmed our rights as traditional knowledge holders to the uses of Rooibos (see below). The Rooibos industry put in an official notice to the Traditional Knowledge Study, explaining they wanted to commission their own research on the issues. They did commission their own report but it was never made public.

Subsequently, a benefit-sharing agreement was developed between Nestlé, the South African San Council and the National Khoisan Council. This was the first agreement concluded around the uses of Rooibos. But it was also the catalyst to influence the start of a Rooibos industry-wide benefit-sharing agreement. This agreement with Nestlé was also strategically used to insert a clause stating that all Rooibos sourced should be ethically done in compliance with the law. This was a key moment in the struggle for recognition.

Maar, soos die stryd om erkenning as kennishouers tot die gebruike van Rooibos verhewig het, het ons besluit om vireers die breër GP-proses oor te hou. Ons het TVV-onderhandelinge vir Rooibos begin en besluit om op hierdie proses te fokus. Ons het probeer om die Suid-Afrikaanse Rooibos Raad by die onderhandelingsstaf te kry oor voordele by ons eerste vergadering te !Khwa ttu in 2012. Verskeie sleutelkwessies het egter vir die industrie bly staan wat die onderhandelinge geaffekteer het: Die kwessies rakende ons erkenning as tradisionele kennishouers; wie die legitieme gemeenskapsverteenvoerders is; 'n deeglike begrip van hoe die gemeenskap georganiseer is; en die verteenwoordiger van Sederberg inheemse boere in die onderhandelinge.

Die belangrikste strydpunt: of die Khoikhoi en San inderdaad die kennishouers tot die gebruike van Rooibos was. Dit het daartoe gelei dat die Suid-Afrikaanse

regering die Tradisionele Kennis-studie oor Rooibos en Heuningbos in 2014 aangevra het. Daarin word onse regte as tradisionele kennishouers tot die gebruike van Rooibos bevestig (sien onder). Die Rooibos-industrie het amptelik kennis gegee rakende die Tradisionele Kennis-studie en dat hulle self navorsing oor hierdie kwessies sou gaan doen. Dit het hulle gedoen maar hulle eie bevinding was nooit openbaar gemaak nie. Gevolglik was 'n voordeelverdelingsooreenkoms ontwikkel tussen Nestlé, die Suid-Afrikaanse San Raad en die Nasionale Khoisan Raad. Dit was die eerste ooreenkoms wat bereik was oor die gebruike van Rooibos. Terselfdertyd was dit die katalisator wat 'n sterk invloed uitgeoefen het vir die begin van 'n industriële voordeelverdelings-ooreenkoms. Hierdie ooreenkoms met Nestlé was ook strategies gebruik om 'n klousule in te sit wat stateer dat alle Rooibos wat ontgin word, eties gedoen moes word ingevolge die wet. Dit was 'n sleutelmoment in die stryd om erkenning.



Stream in the Cederberg

Water stroom in die Sederberg



Amelia Koopman stands to address one of the first joint Rooibos negotiation meetings

Amelia Koopman staan om die vergadering te adresseer by een van die eerste gesamentlike Rooibos onderhandelingsvergaderings.

Diagram 1





Diagram 1



TRADITIONAL KNOWLEDGE


“Traditional knowledge (TK) is knowledge, know-how, skills and practices that are developed, sustained and passed on from generation to generation within a community, often forming part of its cultural or spiritual identity.

While there is not yet an accepted definition of TK at the international level, it can be said that:

TK in a general sense embraces the content of knowledge itself as well as traditional cultural expressions, including distinctive signs and symbols associated with TK.

TK in the narrow sense refers to knowledge as such, in particular the knowledge resulting from intellectual activity in a traditional context, and includes know-how, practices, skills, and innovations.

Traditional knowledge can be found in a wide variety of contexts, including: agricultural, scientific, technical, ecological and medicinal knowledge as well as biodiversity-related knowledge” - The World Intellectual Property Organization (WIPO)



THE GOVERNMENT-COMMISSIONED STUDY ON ROOIBOS KNOWLEDGE HOLDERS

In 2014, the South African government commissioned and published a study to confirm whether the Khoikhoi and San were, in fact, the knowledge holders to the uses of Rooibos. The study, called “Traditional Knowledge Associated with Rooibos and Honeybush Species in South Africa”, found no reason to dispute the Khoikhoi and San communities’ claim.

“The fact that these species are endemic in areas where the species are in abundance, combined with the fact that the San and Khoikhoi populations were resident in these areas for centuries before the arrival of the settlers and that the industry has evolved and expanded in these particular areas does largely support the communities' perception that the [traditional knowledge] TK for Rooibos and Honeybush rests with the communities who originate in these areas. There is no evidence that disputes the Khoi and San as holders of TK for these species.”

TRADISIONELE KENNIS

“Tradisionele Kennis (TK) is kennis, handigheid, vaardighede en praktyke wat ontwikkel en volgehou word en oorgedra word van geslag tot geslag binne ‘n gemeenskap, wat dikwels deel vorm van hulle kulturele of spirituele identiteit.”

Terwyl daar nog nie op internasionale vlak ‘n aanvaarde definisie van TK bestaan nie, kan dit gesê word dat:


TK in ‘n algemene sin omarm die inhoud van kennis as sodanig sowel as tradisionele kulturele uitdrukkings, insluitend uitsonderlike tekens en simbole wat geassosieer word met TK.

TK in die beperkte sin verwys na kennis as sodanig, in besonder die kennis wat volg uit intellektuele aktiwiteit in ‘n tradisionele konteks, en sluit in kennis, handigheid, vaardighede, praktyke en innovasies.

Tradisionele kennis kan gevind word in ‘n wye verskeidenheid van kontekste insluitend: landbou, wetenskaplike, tegniese, ekologiese en medisinale kennis sowel as biodiversiteit-gerelateerde kennis” - Die Wêreld Intellektuele Eiendoms-organisasie (WIEO).

Opposite page: Alida Afrika standing alongside Rooibos in Nieuwoudtville

Teenoorgestelde bladsy: Alida Afrika staan langs Rooibos in Nieuwoudtville



DIE STUDIE WAT DIE REGERING AANGEVRA HET OOR ROOIBOS KENNISHOUERS

Die Suid-Afrikaanse regering het in 2014 ‘n studie aangevra en gepubliseer om vas te stel of die Khoi-Khoi en San inderdaad die kennishouers is tot die gebruike van Rooibos. Die studie, getitel “Tradisionele Kennis wat met Rooibos en Heuningbos-spesies in Suid-Afrika verband hou”, het geen rede gevind om die aannames van Khoikhoi- en Sangemeenskappe te betwyfel nie.

“Die feit dat hierdie spesies inheems is in gebiede waar die spesies wydverspreid voorkom, tesaam met die feit dat die San- en Khoikhoivolke eeue lank daar gewoon het lank voor die aankoms van die setlaars en dat die industrie in daardie gebiede begin en uitgebrei was, bevestig die gemeenskappe se waarneming dat die [tradisionele kennis] TK vir Rooibos en Heuningbos by die gemeenskappe hoort wie oorspronklik van daardie gebiede is. Daar is geen bewyse nie wat betwis dat die Khoi-Khoi en San die houers van TK van hierdie spesies is.”

“

[If] the people are being recognised as traditional knowledge holders of Rooibos that has been commercialised...that means, for me, that it brings something back. Something that I lost because nobody takes note of the knowledge that I have. They own it as if it is their own knowledge. So if they recognise it, it brings back some dignity to the people.”

Barend Salomo,

community representative from the Wupperthal Farming Community in the Cederberg

The Cederberg indigenous farming communities form part of the Khoikhoi community.

The National Khoisan Council (NKC) team was initially assigned to work on intellectual property and access and benefit-sharing (ABS) in the original community protocol in 2012. They then became the ABS negotiating team for the Rooibos benefit-sharing agreement and negotiations related to other plant species.

In 2015, the Khoikhoi and San negotiating teams then mobilised indigenous Rooibos farming communities of the Cederberg belt region. As the traditional custodians of the resource, these communities played a distinct role in the negotiations as Khoikhoi communities stewarding this resource. Them joining made the negotiating team stronger as both the cultural leaders (Khoikhoi and San) were now joined by the farming communities stewarding the resource.

Once the Cederberg belt community representatives joined the NKC ABS negotiating team, negotiations for a benefit-sharing agreement with the South

African Rooibos industry started in earnest. The goal was an industry-wide agreement, including a traditional knowledge levy on the use of traditional knowledge associated with Rooibos.

In 2016, the South African Rooibos industry, represented by the South African Rooibos Council, came to the negotiating table. These negotiations were overseen by the Department of Environmental Affairs, as it was known then. Through this process, a specific Rooibos BCP documenting the Khoikhoi as traditional knowledge holders to Rooibos emerged as a priority. Negotiations were concluded in 2019. A traditional knowledge levy will be paid during March 2020 as the first benefit shared (other than the benefits flowing from the Nestlé agreement signed in 2014).

To us, these benefits represent a form of restitution, as redress for past injustices. It is the symbolic restoration of our beloved Rooibos.

“

“[A]s die mense erken word as die tradisionele kennishouers van Rooibos wat gekommersialiseer was...vir my beteken dit dat iets teruggebring word. Iets wat ek verloor het want niemand neem die kennis in ag wat ek besit nie. Hulle besit dit asof dit hul eie kennis is. So, as hulle dit erken, bring dit 'n mate van waardigheid vir die mense.”

Barend Salomo,

Gemeenskapsverteenvoorder van die Wupperthal Boerderygemeenskap in die Sederberg

Die Sederberg inheemse boerderygemeenskappe vorm deel van die Khoikhoi gemeenskap.

Die Nasionale Khoisan Raad (NKR) span wat oorspronklik gedurende 2012 aangestel was om oor intellektuele eiendom en toegang en voordeelverdeling in die oorspronklike gemeenskapsprotokol te werk, het toe die TVV onderhandelingspan vir die Rooibos voordeelverdelingsooreenkoms geword asook onderhandelinge wat met ander plantspesies verband hou. Die Khoikhoi- en San onderhandelingspanne het daarna die inheemse Rooibos boerderygemeenskappe van die Sederberg strook gemobiliseer. As die tradisionele rentmeesters van die bron, speel hierdie gemeenskappe 'n beslissende rol in die onderhandelinge as Khoikhoigemeenskappe wat hierdie bron bewaar.

Nadat die Sederberg strook se gemeenskapsverteenvoorders hul by die NKR TVV onderhandelingspan gevoeg het, het onderhandelings vir 'n voordeelverdelingsooreenkoms in alle erns met die Suid-Afrikaanse Rooibos- industrie

begin. Die doel was om 'n industriewye ooreenkoms te bereik, insluitend 'n tradisioneel-kennisheffing op die gebruik van tradisionele kennis geassosieer met rooibos. In 2016 het die Suid-Afrikaanse Rooibos-industrie, verteenwoordig deur die Suid-Afrikaanse Rooibos Raad, by die onderhandelingspan aangesluit. Hierdie onderhandelings was deur die departement van Omgewingsake gehanteer, soos laasgenoemde toe bekend gestaan het. Deur hierdie proses het 'n spesifiek Rooibos BGP ontstaan as 'n prioriteit om die Khoi-Khoi te gedokumenteer as tradisionele kennishouers tot Rooibos. Onderhandelinge is in 2019 gefinaliseer. 'n Tradisioneel-kennisheffing sal gedurende Maart 2020 uitbetaal word as die eerste voordeel wat gedeel word (vergelyk die Nestlé ooreenkoms onderteken in 2014).

Vir ons verteenwoordig hierdie voordele 'n vorm van restituisie, as regstelling van die onregverdigheede van die verlede. Dit is die simboliese herstel van ons geliefde Rooibos.

THE ROOIBOS ACCESS AND BENEFIT-SHARING NEGOTIATING TEAM/DIE ROOIBOS TOEGANG EN VOORDEELVERDELINGSPAN

1. Cecil le Fleur

2. Stanley Peterson

3. Poem Mooney

4. William Langeveldt

5. Barend Salomo (Wupperthal representative/verteenvoorder)

6. Kenneth Maarman (Nieuwoudtville representative/verteenvoorder)

7. Alida Afrika (Suid Bokkeveld representative/verteenvoorder)

8. Leslie Jansen (Lawyer/Regseleerde, Natural Justice)

9. Ivan Vaalbooi (Administrative support/Administratiewe steun, Natural Justice)

10. Pooven Moodley (Executive Director/Uitvoerende Direkteur, Natural Justice)

Khoikhoi Peoples Rooibos & Biodiversity Trust

Khoikhoi Mense Rooibos & Biodiversiteit Trust



Diagram 2





Diagram 2



1.3 Why do we need a Biocultural Community Protocol?

More information regarding the impact of the commercialisation of Rooibos on indigenous communities and their traditional knowledge can be found in a Rooibos documentary produced by the Heinrich Böll Stiftung Foundation and Natural Justice, found at this link:

<https://naturaljustice.org/video/rooibos-restitution/>

The Khoikhoi constitute about 40 historical communities, excluding the Cederberg indigenous farming communities. Furthermore, the Khoikhoi and San communities are in a struggle for recognition in South Africa. There is not a formal record of our existence as such, on a par with other cultural communities. It is unclear to external actors, who we are, who our communities are, how we are organised in post-Apartheid South Africa, how we give consent, and what our aims and priorities are. We needed to find a way of showing what grew from the last eight years of negotiations. Where Rooibos commercialisation was said to be “only biotrade” by some experts and the plant treated as an “agricultural commodity”, we had to document how we brought justice to **our cultural resource, what we call “onse moedersmelk” (our mother’s breast milk)**.

In 2017, we, the Khoikhoi component of the National Khoisan Council (NKC), and as knowledge holders to the uses of Rooibos, decided to document and assert our traditional knowledge to the uses of Rooibos through this BCP.

This BCP provides a platform for us, the Khoikhoi, to safeguard our resources and associated TK from being misappropriated. The collective documentation of knowledge on traditional uses of plants, animals and other resources is vital to maintaining our heritage for future generations.

This BCP articulates how the Khoikhoi are organised for purposes of Free, Prior and Informed Consent (FPIC) and Access and Benefit-sharing (ABS) in relation to Rooibos. These customary indigenous resources are clearly set out in our Cultural

Biodiversity Register (to be published soon). This can be obtained from the NKC.

The BCP will ensure that any external stakeholder or party is informed about our customary resources as indigenous biological resources, in this case Rooibos. They will understand how to engage us through FPIC, as well as any intellectual property related to Rooibos and its commercialisation. All researchers, Rooibos commercial companies, governments, academics, writers, students, film makers or persons interested in our traditional knowledge and intellectual property-related matters, must consult the NKC as our leadership. Therefore, this BCP provides an interface between our communities that want to engage in ABS (including current and future intellectual property rights), and the ethical users of our traditional knowledge.

THE SAN AND THE RECORDAL SYSTEM

The San people chose to document and assert their traditional knowledge through the South African National Recordal System, which is the largest South African initiative that records, documents, preserves and protects indigenous knowledge for the benefit of the communities of South Africa. In 2017, they officially recorded their uses of Rooibos.

1.3 Waarom benodig ons ‘n Biokulturele Gemeenskapsprotokol?

Terwyl die Sanvolke uit drie-vier gemeenskappe bestaan, bestaan die Khoi-Khooin uit sowat 40 historiese gemeenskappe, uitsluitend die Sederberg inheemse boerderygemeenskappe. Verder, die Khoi- en Sangemeenskappe is in ‘n stryd gewikkel vir erkenning in Suid-Afrika. Daar is nie ‘n formele rekord van onse bestaan as sodanig, op ‘n soortgelyke vlak as met ander kulturele gemeenskappe nie. Dit is onduidelik aan buitestaanders wie ons is, wie onse gemeenskappe is, hoe ons georganiseer is in post-Apartheid Suid-Afrika, hoe ons toestemming verleen, en wat ons doeleindes en prioriteite is. Ons het dus ‘n manier benodig wat kon toon waaroor die afgelope agt jaar se onderhandelinge beteken het. Waar eens Rooibos-kommersialisering aangedui was as “slegs biohandel” deur sommige kenners, en die plant beskou was as ‘n “landbou- kommoditeit”, moes ons dokumenteer hoe **ons geregtigheid gebring het vir die kulturele bron wat ons noem: “onse moedersmelk”**.

Die Khoikhoi komponent van die inheemse kennishouers het in 2017 besluit om hulle tradisionele kennis te boekstaaf en te handhaaf ten opsigte van die gebruike van Rooibos deur middel van ‘n BGP. Die eindproduk van daardie proses is hierdie BGP.

Hierdie BGP verskaf aan ons, die Khoi-Khooin, ‘n platform om onse bronne en aanverwante TK te beskerm teen wantoepassings. Die kollektiewe dokumentasie van kennis oor tradisionele gebruike van plante, diere, en ander bronne is uiters belangrik om ons erfenis vir die toekomstige geslagte te bewaar.

Hierdie BGP verduidelik hoe die Khoi-Khooin georganiseer is vir die doeleindes van vrye, voorafgaande en ingeligte toestemming en voordeelverdeling betreffende Rooibos

en ander gebruiklike inheemse bronne.

Hierdie gebruiklike inheemse bronne word duidelik uiteengesit in onse Kulturele Biodiversiteitsregister (gaan binnekort gepubliseer word). Die BGP sal verseker dat enige eksterne aandeelhouer of party ingelig is omtrent onse gebruiklike bronne as inheemse biologiese bronne. Hulle sal dus weet hoe om in gesprek met ons te tree deur Vrye, Voorafgaande en Ingeligte Toestemming (VVIT), asook enige intellektuele eiendom aangaande Rooibos en die kommersialisering daarvan. Alle navorsers, Rooibos kommersiële maatskappye, regerings, akademië, skrywers, studente, filmvervaardigers of belangstellendes in ons tradisionele kennis en intellektuele eiendomsverwante sake, moet ons leierskap raadpleeg. Hierdie BGP verskaf dus ‘n skakel tussen ons gemeenskappe, wat betrokke wil wees in Toegang en Voordeelverdeling (insluitend huidige en toekomstige intellektuele eiendomsregte), en die etiese gebruikers van ons tradisionele kennis.

DIE SAN EN DIE REKORDERINGSISTEEM

Die Sanmense het verkies om hulle tradisionele kennis deur gebruikmaking van die Suid-Afrikaanse Nasionale Rekorderingsstelsel - die grootste Suid-Afrikaanse inisiatief wat rekords en dokumente oor inheemse kennis bewaar en beskerm tot voordeel van die gemeenskappe van Suid-Afrika. Die San het amptelik hul gebruike van Rooibos in 2017 geboekstaaf.

Meer inligting aangaande die impak van die kommersialisering van genetiese bronne van inheemse gemeenskappe en hul tradisionele kennis kan nageslaan word in ‘n Rooibos-dokumentêr, vervaardig deur die Heinrich Böll Stiftung (Stigting) en Natural Justice, by hierdie skakel:

<https://naturaljustice.org/video/rooibos-restitution/>

CHAPTER 2 | CHAPTER 2

2.1 Who we are

2.1 Wie ons is

2.2 Dispossession under Colonialism and Apartheid

2.2 Onteining onder Kolonialisme en Apartheid

2.3 Rebuilding the Khoikhoi in a post-Apartheid South Africa

2.3 Heropbou van die Khoi-Khoi in 'n post-apartheid Suid-Afrika

2.4 What We Stand For

2.4 Waarvoor ons staan

ENGLISH

AFRIKAANS

2

THE KHOIKHOI

DIE KHOI-KHOIN

2.1 | Who we are

We are the Khoikhoi people. We have occupied and moved around Southern Africa as nomadic herders for thousands of years. Along with the San, we are the first inhabitants of this land. The earliest evidence of our existence can be found in traces of rock art found around various parts of Southern Africa. The Khoikhoi people are made up of four historical groupings: the (i) Griqua, (ii) Nama, (iii) Koranna and (iv) Cape Khoi, which have further subgroupings.

The Khoikhoi is our original name and an umbrella term, referring to the different Khoikhoi tribes mentioned above. Variations of spelling include “Khoi”, “Khoisan” or “Khoe” (singular), as well as “Khoi-khoi”. **It is noticeable that all our tribe names end in -qua (for example the Namaqua or Griqua) because -qua means “people”.** The prefix refers to a historical leader and the name would therefore mean “people of the leader”.

Previously, we were also referred to as the “Hottentotte”. This name represents cultural and linguistic patterns among our people. Dutch Colonialists abbreviated Hottentot to “Hot Not,” but this variation of the name carries a derogatory connotation that was carried into the painful Apartheid history.

We are not formally recorded in South Africa as an indigenous cultural community. The United Nations Special Rapporteur, Prof. Rodolfo Stavenhagen documented our existence as South Africa’s indigenous peoples as the following communities listed on page 7 of the 2005 report:²

“There are six large groups who identify themselves as indigenous and who claim this status. Under each of these groups there can be various sub-groups which differ from each other, either for their striking difference

word. Na veertien jaar was nog geen een van sy aanbevelings in plek nie. Dis veral selfbeskikking wat vir die regering ‘n tamentele is asook die status as eerste nasie, hoewel die NKR hulle al soveel male probeer oortuig het dat die Khoi-San nie ‘n “staat binne ‘n staat” soos Orania soek nie. Dit wil net gelyk behandel wees.

In sy aanbevelings aan die Suid-Afrikaanse regering, meld Stavenhagen dat, “Inheemse gemeenskappe behoort erken te word as sodanig en grondwetlik gelyk met die sprekers van die 11 amptelik erkende tale. Hierdie verwys spesifiek na die verskillende Khoi-en Sangroepe, die Nama en ook die Griekwa wat nie as sodanig in die Grondwet genoem word nie.”¹³

Hy bevel verder aan, “Die Regering en die Parlement behoort al die nodige stappe, in samespreking met die inheemse volke in die land, doen om ‘n spoedige ratifikasie van IAO Konvensie No. 169 rakende Inheemse en Stamvolke te verseker in Onafhanklike Lande (1989).” (Rapport van die Spesiale Rapporteur oor die situasie van menseregte en fundamentele vryhede van inheemse mense, Rodolfo Stavenhagen.)

2009:

In 2009 het die Departement van Landelike Ontwikkeling en Grondhervorming onder leiding van minister Gugile Nkwinti begin kyk hoe die Khoi-Khoi en San by bestaande grondregte kan inskakel. Die Grondwet maak egter net voorsiening vir eise na 1913 (die *Wet op Naturelgrond*).

In 2013 en 2014 is twee Nasionale grondberade (“land summits”) te Kimberley deur min. Nkwinti belê. Hier was kwessies soos die grondherstel van geskiedkundige gebiede, Agriparke, voedselsekerheid deur volhoubare landbou, die erkenning van erfenisterreine en geskiedkundige bakens ter sprake. ‘n Nasionale Khoi-San Verwysingsgroep onder leiding van Kaptein John Witbooi, is in die lewe geroep om te help met die Khoi-Khoi en San se grondsake. In sommige provinsies, soos die Wes-Kaap, is trustrade gestig om toegewese grond te bestuur. Op die Kimberley-grondberade het leiers telkens besware geopper dat erkenning van gemeenskappe onder wetsontwerpe sonder grond (TKLB), nie veel beteken nie. Die status van hierdie proses is onduidelik.

2015 - 2019

In 2015-16 het die SA Menseregtekommissie ‘n openbare verhoor landswyd oor die Khoi-Sanregte onder leiding van kommissaris dr. Danny Titus, gehou. Ook daar het hulle hul kommer en frustrasies oor die traie, jarelange vordering met erkenning uitgespreek.

Die Witskrif vir erkenning van die Khoi-San verskyn in 2009, asook wetsontwerpe daarna in 2011, 2013 en 2015. Die Kabinet het dit goedgekeur. Die huidige wetgewing is nou onderteken deur die huidige president Ramaphosa (2019), die *Wet op Tradisionele en Khoisan Leierskap 2018*. Die idee is om erkende Khoi-Sanleiers onder een wet te laat saamwerk in die bestaande nasionale, provinsiale en plaaslike huise vir tradisionele leiers. Omdat die ontbinding van laasgenoemde huise middel-2022 gaan plaasvind, is die verwagting sterk dat promulgering gou sou gebeur.

¹³Verenigde Nasies Kommissie oor Menseregte (2005) “Rapport van die Spesiale Rapporteur oor die situasie van menseregte en fundamentele vryhede van inheemse mense, Rodolfo Stavenhagen”. Verkry van: <https://undocs.org/E/CN.4/2006/78/Add.2> Bekom Julie 2019.

2.4 | What We Stand for - Indigenous Values



The Water Snake

A very strong myth is that each water source, like a river or stream, is the home of a water snake. Koranna rock art is abundant in the Harts River Valley and the eastern Free State where water snakes are depicted. Children, especially young girls, were warned to be afraid of /Aub, the water snake. The *hokmeisie* (hut maiden) would be taken to the river to pacify it after her initiation as a young woman. Because our ancestors were totally dependent on water as a source of life, the myth was meant to prevent children from making the water filthy, and also keeping them away from the danger of drowning, when without supervision. The myth was also prevalent among the Griqua. Its value lay in instilling obedience toward parents and also featured as a symbol in rites of passage (the !Nâu).



The Mantis

The colonisers came to our country with ugly prejudices: that our ancestors were uncivilised barbarians, cannibals - heathens without any values or religion. That is why they ridiculed our myths which actually contained spiritual truths. Of course, it was then easier to justify and participate in the genocide of "wild people who had no soul". One of the /Xam Bushmen's names for God was /Kággen. Simultaneously /kággen - with a small letter - was also their name for the mantis. The deceitfulness of a female mantis, who would gobble up the male, amazed them and they associated that trickiness with the devilish //Gaub. However, God - /Kággen - was the Creator who provides for all our needs. The ignorant Dutch were confused and thought the /Xam worshipped the mantis and then called it 'the hottentots god.' The value undergirding this myth was respect for nature and intimate knowledge of Mother Earth.

This hottentots god continues to have deep sacred value to the Khoikhoi peoples up to today.

2.4 | Waarvoor ons staan - Inheemse Waardes



Die Waterslang

'n Baie sterk mite was dat in elke waterbron soos 'n rivier of stroom lewe 'n waterslang. Tussen die rotskuns van die Hartsrivier- en Oos-Vrystaatse Koranna, is daar 'n tekening van 'n waterslang. Veral jong meisies moet bang wees vir /Aub die waterslang, veral na haar seremonie as hokmeisie. Omdat ons voorouers geheel en al afhanklik was van water as bron van lewe het hierdie mite hul nie daarin moes mors nie. Verdrinking is ook so gekeer wanneer daar geen toesig was nie. Onder die Griekwa was dit ook sterk lewend. Die waarde daaragter was gehoorsaamheid aan ouers en veral as simbool in oorgangsrites (die !Nâu).



Die Mantis

Die koloniseerders het na onse land gekom met allerlei lelike vooroordele: dat ons voorouers onbeskaafde barbare was, mensvreeters - heidene met geen waardes of godsdiens nie. Daarom het hulle altyd ons mites wat geloofswaarhede bevat, belaglik gemaak. So het dit dan vir hulle makliker gemaak om ons te jag en dood te maak as "wilde mense sonder siel" en vooraf die menseslagting te regverdig. Een van die name wat die /Xam-Boesmans vir God gegee het, was /Kággen. Terselfdertyd was /kággen - met 'n klein letter - ook hul naam vir die mantis. Hulle het hulle verkyk aan die bedrieglikheid van 'n wyfie-mantis wat die mannetjie onverwags sou opvreet en dit toegepas op die bose //Gaub. God - /Kággen - was egter die Ewige Helper van die gemeenskap. Die onkundige Hollanders was verward en gedink die /Xam aanbid die mantis en noem dit toe 'die hottentots god.' Die waarde daaragter was respek vir die natuur en intieme kennis van Moeder Aarde.

Die mantis het steeds diepe geestelike waarde vir die Khoi-Khoi vandag.

Southern Africa's Khoikhoi have always realised the importance of their values. Values such as sharing, close family ties, helpfulness, integrity, obedience, true friendship, neighbourly love, discipline, self-discipline, truthfulness, compassion, contentment, respect for others, self-respect, good manners, cleanliness, respect for your environment and respect for nature, were taught to our children by their parents and elders. The vehicles for this ongoing education were in the form of myths, symbols and stories. This custom was widely spread among all Khoikhoi communities, but we are choosing only four typical examples within the five main groupings.

Suider-Afrika se Khoi-Khoi en San het nog altyd die belangrikheid van hulle waardes besef. Waardes soos medemenslikheid, hegte familie-bande, hulpvaardigheid, integriteit, gehoorsaamheid, opregte vriendskap, naasteliefde, dissipline, self-dissipline, waarheid, ordentlikheid, vergenoegdheid, respek vir ander, self-respek, goeie maniere, netheid, respek vir jou omgewing en respek vir die natuur is deur ouers in hul kinders se koppe ingeprent. Meestal is mites, simbole en stories gebruik as middels om dit oor te dra. Hierdie was wyd verspreid onder alle San- en Khoigemeenskappe, maar weens gebrek aan spasie gaan ons slegs vier voorbeelde kies wat tipies was binne die vyf hoofgroepe.



The Moon

Khoikhoi fishing communities had built fish traps all along the coasts of the Western and Eastern Cape. Many fish would be caught in the tidal traps during springtide, at full and new moon. The same night, the clan then thanked God with outstretched hands and the riel dance. European observers thought that we were worshipping the moon. The value displayed here is that we should always praise the Supreme Being for his goodness.



The Ash-loaf

After Nama people baked an ash-loaf, they would always share it with everyone present – even strangers. That is why their name is derived from na-i-ma: “bite-and-give”. Here the ash-loaf is the symbol for neighbourly love and charitableness: *khoi-/namxa-sib*.



Die Maan

Khoi-vissersgemeenskappe het al langs die elletlange kuste van die Wes- en Oos-Kaap viskrale gebou. Met springgety tydens vol- en nuwemaan was die watervlak baie hoog en heelwat visse was gevang in die viskrale. Dieselfde aand daarna sou die clan God dank met uitgestrekte hande en die riel. Europese waarnemers het gedink ons aanbid die maan. Die waarde daaragter was om altyd die Skepper te dank vir sy voorsienigheid.



Die Asbrood

As die Nama-mense ‘n asbrood bak was dit altyd met almal teenwoordig gedeel. Selfs vreemdelinge sou ‘n stukkie kry. Daarom is hul naam afgelei van na-i-ma: “byt-en-gee”. Hier is asbrood die simbool vir medemenslikheid: *khoi-/namxa-sib*.



The Khoikhoi community at the signing of the Rooibos Agreement

Die Khoikhoi-gemeenskap by die ondertekening van die Rooibos-ooreenkoms



Barend Salomo in the Cederberg

Barend Salomo in die Cederberg

CHAPTER 3 | CHAPTER 3

3.1 National Khoisan Council representing the Khoikhoi peoples for the purposes of Benefit-Sharing
3.1 Nasionale Khoisan Raad (NKR) wat die Khoikhoigemeenskappe verteenwoordig vir doeleindes van Voordeelverdeling

3.2 Cederberg Belt Indigenous Rooibos Farming Communities
3.2 Sederberg Strook Inheemse Rooibos Boerderygemeenskappe

ENGLISH
AFRIKAANS

3

**STAKEHOLDERS
INVOLVED IN
THE BCP**

**AANDEELHOUERS
BETROKKE BY
DIE BGP**

3.1 National Khoisan Council representing the Khoikhoi peoples for the purposes of Benefit-sharing


The National Khoisan Council (NKC) was established in 1999 by South Africa's former president Nelson Mandela. It is currently a national, non-statutory and voluntary association with its own legal personality, set up as a negotiating body for the Khoikhoi and San peoples of South Africa to represent their constitutional interests and to accommodate the Khoikhoi and San mandates within government departments.

The NKC membership comprises thirty Khoikhoi and San leaders representing five historical Khoikhoi and San groups across South Africa. These are the San, Griqua, Nama, Cape Khoi and the Koranna.

The Status Quo Reports of 1999, which came out of The South African government's research into leadership claims by the Khoikhoi and San, recommended the establishment of the NKC. Up until 2015, there was no other recognised national institution that was representing Khoikhoi and San interests at the national level.

It was originally made up of twenty-two members. However, the Status Quo Reports had also made the recommendation to include Khoikhoi communities that were not initially part of the early research process. Following years of critique in terms of the perceived lack of representation of

Diagram 3



3.1 Nasionale Khoisan Raad (NKR) wat die Khoikhoigemeenskappe verteenwoordig vir doeleindes van Voordeelverdeling

Die Nasionale Khoisan Raad (NKR) is in 1999 deur Suid-Afrika se voormalige President Nelson Mandela in die lewe geroep. Dis tans 'n nasionale, nie-statutêre en vrywillige verteenwoordigende liggaam, en bedoel as 'n onderhandelingsliggaam vir die Khoi- en Sanvolke van Suid-Afrika om hul grondwetlike belange te bevorder en om Khoi- en Sanmandate binne die regering se departemente te akkommodeer. Die NKR-lidmaatskap bestaan uit 30 Khoi- en Sanleiers wat die vyf historiese Khoi- and Sangroepe regoor Suid-Afrika verteenwoordig, naamlik, die San/

Boesmans, Griekwa, Nama, Kaapse Khoi en Koranna.

Die Status Quo Verslag van 1999, wat die resultaat was van die Suid-Afrikaanse regering se navorsing oor aansprake op leierskap deur die Khoi-Khoi en San, het die daarstelling van 'n NKR aanbeveel. Tot en met 2015 was daar geen ander erkende nasionale liggaam wat die Khoi-Khoi en San se belange kon verteenwoordig op nasionale vlak nie.

Oorspronklik het die NKR bestaan uit twee-en-twintig lede. Die Status Quo Verslag

Diagram 3



The National Khoisan Council can be contacted via the secretary of the NKC and the Khoikhoi trustees.

The NKC is the body responsible for representing Khoikhoi and San interests in the process towards the formal constitutional recognition of their communities and of their customary leadership structures. This role is confirmed by the South African Human Rights Commission report of 2018.

the NKC, the Department of Cooperative Governance and Traditional Affairs (COGTA) held provincial elections so that communities not originally represented by the NKC could vote in further members. Country-wide elections were facilitated in each province overseen by COGTA and the NKC. The NKC membership now comprises both the independently researched members and communities of 1999, as well as the elected members (2012), amounting to thirty members in total including those who do not feel represented on the National Khoisan Council.

The NKC is also responsible for negotiating, in partnership with the South African San Council, Access and Benefit-Sharing (ABS) agreements for the Khoikhoi communities around key plant species. This flows from the 2014 South African national government-commissioned study on Rooibos and Honeybush, confirming the Khoikhoi and San as the traditional knowledge holders to the uses of Rooibos and Honeybush.

In that same year, the ABS negotiating team was also tasked with determining how the communities they represent will share in the benefits as knowledge holders to the uses of Rooibos and other indigenous plants.

For the purposes of negotiating towards the Rooibos industry-wide agreement, the NKC represented the Khoikhoi

communities of the Griqua, Nama, Cape Khoi and the Koranna. In the interests of being as inclusive and representative as possible in the negotiating process, the NKC also included representatives from three indigenous Cederberg farming communities. They formed part of the Rooibos negotiations as specific Khoikhoi beneficiaries within the Rooibos benefit-sharing model. They also serve on the *Khoikhoi Peoples Rooibos and Biodiversity Trust* for benefit distribution purposes.

For the purposes of the Rooibos ABS negotiations, the San communities were represented by the South African San Council. This is due to the fact that the San Council initiated the conversation and has been concluding benefit-sharing contracts on behalf of the San communities over the last decade since the first Hoodia case broke¹⁴. Regarding the Rooibos ABS agreement, the Khoikhoi communities joined this struggle a year later as shared knowledge holders. This was made possible with the support of Natural Justice in solidarity with the Khoikhoi and San communities' struggle.

The NKC is also the body responsible for the development of the Rooibos Bio-Cultural Community Protocol. With regard to other matters, the NKC takes their mandate from the communities it represents.

het egter ook 'n aanbeveling gemaak dat Khoikhoigemeenskappe, wat aanvanklik nie deel van die ondersoek was nie, ingesluit moes word. Na jare van kritiek, gebaseer op persepsies dat die NKR se verteenwoordiging onvoldoende is, het die Departement van Samewerkende Regering en Tradisionele Sake provinsiale verkiesings gereël sodat gemeenskappe, wat oorspronklik nie by die NKR verteenwoordig was nie, nog lede kon instem. Die NKR-lidmaatskap bestaan dus nou uit beide die lede wat in 1999 onafhanklik nagevors is, so wel as die verkose lede, wat die totaal op dertig te staan bring.

Die NKR is ook verantwoordelik vir onderhandeling, in deelgenootskap met die Suid-Afrikaanse San Raad, oor Toegang en Voordeelverdeling (TVV/ABS) ooreenkomste vir Khoi-Khoi- en Sangemeenskappe oor sleutel plantspesies. In 2014 het die Suid-Afrikaanse nasionale regering 'n studie oor Rooibos en Heuningbos aangevra, en bevestig dat die Khoi-Khoi en San die tradisionele kennishouers is van die gebruike van Rooibos en Heuningbos.

In dieselfde jaar het die Nasionale Khoisan Raad 'n span saamgestel en getaak om te onderhandel met die Suid-Afrikaanse Rooibos Industrie oor die voordele vir tradisionele kennishouers. Die TVV/ABS-span vir onderhandeling moes ook vasstel hoe die gemeenskappe wat hul verteenwoordig, die voordele as kennishouers sal ontvang, as die kennishouers van die gebruike van Rooibos en ander inheemse plante.


Vir die doeleindes van onderhandelinge rakende die Rooibos industrie-wye verdrag, het die NKR die Khoigemeenskappe van die Griekwa, Nama, Kaapse Khoi en die Koranna betrek. Ten einde al die belange so inklusief as moontlik in die onderhandelingsproses te dien, het die NKR ook verteenwoordigers van die drie inheemse boerdery-gemeenskappe te Sederberg ingesluit. Hulle het deel gevorm van die Rooibos-onderhandelinge as spesifieke Khoikhoi voordeeltrekkers binne die Rooibosmodel van voordeelverdeling. Hulle dien ook op die *Khoi-Khoi Volke Rooibos Toegang en Voordeelverdelingstrust* vir die doeleindes van voordeelsverspreiding.

Vir die doeleindes van die Rooibos TVV/ABS-onderhandelinge, was die Sangemeenskappe deur die Suid-Afrikaanse Sanraad verteenwoordig. Hierdie was as gevolg van die feit dat die SA San Raad die gesprek aangaande die Rooibos TVV-ooreenkoms in 2011 geïnisieer het en die Khoigemeenskappe 'n jaar later by daardie stryd aangesluit het as deelgenote en houers van inheemse kennis. Dit was moontlik gemaak deur die ondersteuning van Natural Justice wat hulle solidariteit met die Khoi- en Sangemeenskappe se stryd verklaar het. Die NKR is die liggaam wat verantwoordelikheid aanvaar het vir die ontwikkeling van die Rooibos Bio-kulturele Gemeenskapsprotokol. Met betrekking tot ander sake, kry die NKR hulle mandaat van die gemeenskappe wat hulle verteenwoordig.

Die Nasionale Khoisan Raad kan bereik word deur hul sekretaris.

Die NKR is die liggaam wat getaak is met 'n mandaat om Khoi-Khoi- en San-belange te bevorder in aanloop tot die formele grondwetlike erkenning van hul gemeenskappe en gebruike leierskapstrukture.

¹⁴Public Eye (2001) "Stolen Knowledge: The Hoodia Case" <https://www.publiceye.ch/de/news/detail/stolen-knowledge-the-hoodia-case> Accessed November 2019.



Cederberg belt Indigenous farmers engaging in primary processing of Rooibos

Sederberg Strook Inheemse Rooibos Boerderygemeenskappe primêre prosesering van Rooibos



3.2 Cederberg Belt Indigenous Rooibos Farming Communities

For the purposes of this BCP, the National Khoisan Council (NKC) represents both the Cederberg indigenous Rooibos farming communities, as well as the Khoikhoi communities, as per the 1999 Status Quo report¹⁵. The NKC formally acknowledged the Cederberg belt farming communities of Wupperthal, Nieuwoudtville and Suid Bokkeveld as deserving of recognition, specific benefits and exemption deriving from Rooibos. In 2015, three representatives from the Cederberg Rooibos farming communities joined the NKC ABS negotiating committee in the benefit-sharing negotiations.

The rural farming communities in the Cederberg Mountains consist of those from Wupperthal, Nieuwoudtville and Suid Bokkeveld, as well as other surrounding farming areas that are not specifically mentioned, but where significant numbers of original Khoikhoi descendents live, and are intended to be included respectively as time continues. We are specifically indigenous farming communities.

We, the indigenous people composing these communities, were forcibly labelled “Coloured” under Apartheid race classification laws, as officially confirmed by the UN Special Rapporteur in 2005. Without any effort to receive consent

prior to the imposition of this label, the Apartheid regime furthered the erasure of our cultural identity. Therefore, our unique identity as distinct indigenous people was deliberately unrecognised and so an emphasis must be placed on noting how the farming communities in the Cederberg Mountains are indigenous.

The Cederberg Rooibos indigenous farming communities are important stakeholders in this process, as they steward Rooibos through sustainable wild harvesting and some limited cultivation. We formed part of the Rooibos negotiations as specific beneficiaries within the Rooibos benefit-sharing model. We also serve on the **Khoikhoi Peoples Rooibos Biodiversity Trust** for benefit distribution purposes.

The NKC agrees that the indigenous farmers from these Cederberg communities are exempt from paying any levies as per bioprospecting permit obligations. This exemption is on the understanding that only the Wupperthal, Nieuwoudtville and Suid Bokkeveld community members remain the farmers. However this was still being investigated further by DEFF during 2019. A final determination will be made once DEFF have finalised their research into this issue.



¹⁵These reports are not available for general public access.



Rooibos Indigenous farmers

Rooibos Inheemse Boere

3.2 Sederberg Strooksverteenwoordiging

Vir die doeleindes van hierdie BGP, verteenwoordig die Nasionale Khoisan Raad (NKR) beide die Sederberg inheemse rooibos boerderygemeenskappe sowel as die Khoigemeenskappe soos deur die 1999 Status Quo rapport aangedui. Die Nasionale Khoisan Raad het die Sederbergstrook boerderygemeenskappe formeel erken, naamlik Wupperthal, Nieuwoudtville en Suid-Bokkeveld as verdienstelike kandidate vir erkenning, spesifieke voordele en vrystellings wat te make het met Rooibos. Drie verteenwoordigers van die Sederberg Rooibos boerderygemeenskappe het in 2015 by die NKR TVV onderhandelingskomitee aangesluit vir die voordeelverdelingsonderhandelinge.

Die plattelandse plaasgemeenskappe in die Sederbergstrook bestaan uit hulle wat woon in Wupperthal, Nieuwoudtville en Suid-Bokkeveld, asook ander omringende boerderygebiede wat nie hier spesifiek genoem word nie, maar word nogtans respektiewelik ingesluit waar daar 'n beduidende aantal persone oorspronklik van Khoi-afstamming is. Hierdie is spesifieke inheemse boerderygemeenskappe.

Die inheemse mense wat hierdie gemeenskappe uitmaak, was onder dwang geëtiketeer as “Kleurlinge” onder Apartheid se rasseklassifikasie-wette, soos amptelik bevestig deur die VN Spesiale Rapporteur in 2005¹⁶. Sonder enige poging om vooraf toestemming te verkry in terme van TVV/

ABS vir die op afdwing van daardie etiket, het die Apartheidsregime die uitwissing van ons kulturele identiteit verhaas.

Dus, ons unieke identiteit as uitsonderlike inheemse mense, was opsetlik geïgnoreer en daarom moet ons benadruk dat opgelet moet word dat die boerderygemeenskappe van die Sederbergstrook inderdaad inheems is. Hierdie gemeenskappe is belangrike aandeelhouers in hierdie proses as bewerkers van Rooibos deur volhoubare wilde tee oes-insameling en beperkte verbouing. Hulle vorm deel van die Rooibosonderhandelinge as spesifieke ontvangers van voordele binne die Rooibos voordeelverdelingsmodel. Hulle dien ook op die **Khoi-Khoi Volke Rooibos Biodiversiteitstrust** vir doeleindes van voordeel-verspreiding.

Beide die NKR en die SA San Raad stem saam dat die plaaslike boere van hierdie Sederberg-gemeenskappe vrygestel moet word van die betaling van enige heffing soos wat vereis word deur bio-prospekterende verpligtinge. Hierdie vrystelling is gebaseer op die verstandhouding dat dit slegs van toepassing is op gemeenskapslede van Wupperthal, Nieuwoudtville en Suid-Bokkeveld, wat betrokke is by die boerdery. Dit word egter verder in 2019 deur die Departement van Omgewing, Bosbou en Visserye (DOBV) ondersoek. 'n Finale besluit sal geneem word sodra die DOBV hulle navorsing oor hierdie kwessie afsluit het.

¹⁶Gorelik, B. (2017). Rooibos: an ethnographic perspective. Retrieved from <https://sarooibos.co.za/wp/wp-content/uploads/2018/10/20180723-SARC-format-TK-Paper-SU-1.pdf>

3.2.1 Wupperthal Indigenous Farming Community

Wupperthal is a historical missionary station situated in the Cederberg (Western Cape). We possess a long history of landlessness and discrimination. All three regions of the Cederberg experienced colonial dispossession; however, Wupperthal differed in that the mission stations and Church uniquely added another layer of dispossession to the Khoikhoi. Prior to colonisation, our ancestral land was called *Rietmond* and belonged to the *Gouri-Grikwa* (Griqua in English) people. Colonists recognised the church as the owners of our land. Instead of persuading the missionaries to return the land to our people, they dispossessed us further by registering the land in the name of the Moravian Church from whom we rented our land. Currently, the Moravian Church owns approximately 36 000ha of our ancestral land around Wupperthal.

Adam Kok and his people were among the first to oppose processes of colonial land dispossession. His house remains today. Kok decided to leave the area and trek northwest to today's southern *Namaqualand* (*Boesmanland*). He then continued onwards to Griqualand West, into the Free State and then east Griqualand, located hundreds of kilometres north of the Cederberg region.

This is where the Griqua tribe adopted the new name. Instead of being *Gouri-Grikwa*, they changed to the name "Griqua" due to the fact that they became mixed with other Khoikhoi groups, including some white settlers and slaves. The Khoikhoi people living in the northern part of the colony were not all originally from that area. Most were from areas in the South, including Wupperthal where Rooibos grows. However, during colonisation, they were driven from these southern areas to the very north-western part of current South Africa. Though they no longer live in the Rooibos growing region of Wupperthal, they still claim knowledge to the uses of Rooibos as they originated from the Cederberg mountain area prior to being moved inland.¹⁷

Under Apartheid, we have endured political and social discrimination due to being forcibly labelled "Coloured" as per the 1950 *Population Registration Act*.¹⁸ Though the codified system of racism was done via Apartheid, the institutionalisation of being labelled "Coloured" began during colonialism. The lasting impact of this label on the broader Khoikhoi people exists today and we continue to face ongoing stigmatisation because of it.

The United Nations Special Rapporteur (Rodolfo Stavenhagen) 2005 report to the South African government addresses this in saying that:

"Actions should be undertaken towards the removal from all legitimate claimants

The Cederberg

Die Cederberg



3.2.1 Wupperthal Inheemse Boerderygemeenskap

Wupperthal is 'n historiese sendingstasie-gemeenskap, geleë in die Sederberg (Wes-Kaap). Ons het 'n lang geskiedenis van grondverlies en diskriminasie. Al drie streke van die Sederberg het koloniale verdrukking ervaar, maar Wupperthal verskil in die opsig dat die sendingstasies en Kerk op 'n unieke manier nóg 'n laag van onteiening tot die Khoi-Khoi se lot bygevoeg het. Voor kolonisasie was onse voorouerlike grond *Rietmond* genoem en het aan die *Gouri-Grikwa* volk behoort. Die koloniste het die eienaarskap van ons grond aan die Kerk erken. In plaas van om die sendelinge te oortuig om die grond aan ons mense terug te gee, het hulle ons verder onteien deur dit te registreer in naam van die Morawiese Kerk, van wie toe ons onse grond moes huur. Huidiglik besit die Morawiese Kerk ongeveer 36 000ha van die gronde rondom Wupperthal.

Adam Kok en sy volgelinge was van die eerstes wat die koloniale prosesse van grondonteiening teengestaan het. Kok het toe besluit om die gebied te verlaat en in 'n noordwestelike rigting het hy getrek na vandag se suidelike Namakwaland (*Boesmanland*) waarna hy voortbeweeg het na Griekwaland-Wes, die Vrystaat, en sy nasate daarna na

Oos-Griekwaland, honderde kilometers noord van die Sederbergstreek. Dit is waar die Griekwastam 'n nuwe naam aangeneem het: in plaas van *Gouri-Grikwa* het hulle hul naam na *Griekwa* verander vanweë die feit dat hulle so vermeng geraak het met ander Khoi-Khoigroepe, insluitend selfs sommige wit setlaars en slawe. Die Khoi-Khoi wat in die Noordelike dele van die kolonie geleef het, was nie almal oorspronklik van daardie gebied nie. Die meeste was afkomstig van areas in die suide, insluitend Wupperthal waar Rooibos groei, maar wat gedurende kolonisasie uit hierdie suidelike gebiede verdryf was na die verre Noord-Westelike deel van huidige Suid-Afrika. Hoewel hulle nie meer woon in die Rooibos groeiende gebied van Wupperthal nie, maak hulle steeds aanspraak op kennis van die gebruike van Rooibos omdat hulle oorspronklik kom van die Sederbergstreek voor hulle verskuif was na die binneland.

Onder apartheid het ons politieke en maatskaplike diskriminasie ervaar as gevolg van die gedwonge etikettering as "Kleurling" soos volgens die 1950 *Wet op Bevolkingsregister*.²² Deur die gekodifiseerde stelsel van rassisme soos vervat was in apartheid, het die daarstelling van etikettering tot "Kleurling" egter reeds gedurende kolonialisme 'n aanvang geneem. Die blywende impak van hierdie etiket op die breër Khoi-Khoibevolking bestaan vandag nog en ons moet steeds voortgaande stigmasering verdra juis as gevolg daarvan.

Wupperthal

Wupperthal

¹⁷Lotter, J. (2015) "Potential implications of climate change for Rooibos (*A. linearis*) production and distribution in the greater Cederberg region, South Africa". University of Cape Town. Retrieved from: <https://open.uct.ac.za/handle/11427/15585>. Bekom Augustus 2019

¹⁸Population Registration Act no 30 of 1950. Accessed from: <https://www.sahistory.org.za/sites/default/files/DC/leg19500707.028.020.030/leg19500707.028.020.030.pdf> Retrieved August 2019

²²Population Registration Act no. 30 of 1950. Retrieved from <https://www.sahistory.org.za/sites/default/files/DC/leg19500707.028.020.030/leg19500707.028.020.030.pdf>

This legacy and demeaning stigma continues to affect the image of the Rooibos indigenous farming community as being poor "Coloured" labourers, as opposed to traditional knowledge holders central to the growth and development of the Rooibos industry.

to indigenous identity of the stigma attached to having been classified as "Coloured" during the apartheid regime."¹⁹

All of these years, we were research subjects of academics and prominent universities. Many publications were done on Rooibos and about our communities without environmental and social justice being restored or being acknowledged.

This awareness of our rights as knowledge holders is a fundamental restoration for our community.

It is this context of land dispossession and ongoing systemic discrimination that forms the backdrop to the importance of joining the struggle to reaffirm our indigenous heritage and to be recognised as traditional knowledge holders to Rooibos.

Although Rooibos grows wild in the whole of the Cederberg region, Wupperthal has the most densely populated wild Rooibos concentrations²⁰. Farming with Rooibos has been ongoing for several generations, but this activity was based on harvesting leaves from plants growing in the wild. We are a small group of local Rooibos farmers who lease land from the church to do Rooibos harvesting and farming. About 7% of the land is suitable for farming (other crops) and about 4% is being used for Rooibos.²¹ Being historical descendants of the Khoikhoi community, we are represented by the National Khoisan Council (NKC). We joined the struggle of the NKC and the South African San Council to ensure we are recognised as the traditional knowledge holders to Rooibos. We were three representatives from the region participating in the Rooibos negotiations.



3.2.2 Nieuwoudtville Indigenous Farming Community

Many years ago, before the settlers arrived here, the Khoikhoi were the inhabitants of the area. Previously, the area was a farm. The Khoikhoi lived off "veldkos" (wild food): plants and animals. Whilst the Khoikhoi were driven from the land by settlers, they left a history behind that is still remembered up until today. Over the years, discoveries have been made of rock art in the Oorlogskloof Nature Reserve, and on various farms in the vicinity, that depict the lifestyle and hunting methods of the Khoikhoi.

Nieuwoudtville is rich in Fynbos plants and 300 indigenous plant species occur in this area. The Khoikhoi used the plants for medicinal use and *Aspalathus linearis*, better known today as Rooibos, was also served as a drink. This plant has grown wild and today it is known as the "veld tea". In the old days, the Khoikhoi used stones to press the juice out of the tea. Then it was put in the sun to get a red colour. Then it was boiled and drunk. In 1897, the area was established as a town, known today as Nieuwoudtville. It is a small town located on the R27 Bokkeveld plateau in the Northern Cape. The town's area is 26.26km² (10.1vkm). The population is approximately 4000 inhabitants, of which 85% are descendants of the Khoikhoi.

In the early years, the equipment was not as advanced as it is today, but our ancestors made use of oxen, donkeys and handmade ploughs to work the earth. When it was harvest time, they used stones and axes to hack the tea into small pieces. After that, it was thrown into the sun and "sweated" until it got the red colour. Once it was dry, it was picked up and put into great bags and this tea was called *stokkiestee* (stick tea).

Die VN Spesiale Rapporteur (Rodolfo Stavenhagen) se 2005-verslag, aanbeveling nr. 83 aan die Suid-Afrikaanse regering, spreek dit aan as volg: (ons vertaling):

"Optredes moet onderneem word om die stigma te verwyder wat kleef aan alle wettige aanspraakmakers op inheemse identiteit, naamlik die klassifikasie as "Kleurling" gedurende die apartheidregime."²³

Dit is hierdie konteks van grondonteiening en voortgaande sistemiese verontregting wat die agtergrond vorm tot die belangrikheid om aan te sluit by die stryd om onse inheemse erfgoed te herbevestig en om erken te word as tradisionele kennishouers van Rooibos. Alhoewel Rooibos wild groei in die hele Sederbergstrook, verteenwoordig Wupperthal die mees digbegroeide wilde Rooibosarea²⁴.

Boerdery met Rooibos is al aan die gang vir talle generasies, maar hierdie aktiwiteit was gebaseer op die oes van blare van plante wat wild groei. Ons is 'n klein groepie plaaslike Rooibosboere wat grond huur van die kerk om ons Rooibos oes-insameling en boerdery te behartig. Omtrent 7% van die grond is geskik vir die boerdery (en ander gewasse) en ongeveer 4% word vir Rooibos gebruik.²⁵ As historiese afstammeling van die Khoikhoigemeenskap, word ons deur die Nasionale Khoisan Raad verteenwoordig. Ons sluit aan by die stryd van die NKR en die Suid-Afrikaanse San Raad om te verseker dat ons erken word as die tradisionele kennishouers van Rooibos. Ons was drie verteenwoordigers van hierdie streek wat deelgeneem het aan die Rooibos-onderhandelinge.



3.2.2 Nieuwoudtville Inheemse Boerderygemeenskap

Baie jare gelede, lank voordat die setlaars hierheen getrek het, was die Khoi-Khoi die inwoners van die gebied. Die are was voorheen 'n plaas. Die Khoi-Khoi het van veldkos, plante en diere geëet. Ondanks die feit dat die Khoi-Khoi weggedryf was van hulle grond deur daardie inkomers, het hulle 'n geskiedenis agtergelaat wat tot vandag onthou word. Oor die jare heen is ontdekkings van rotskuns gemaak in die Oorlogskloof Natuurreservaat en op verskeie plase in die omgewing, wat die lewenswyse en jagmetodes van die Khoi-Khoi uitbeeld.

Nieuwoudtville is ryk aan sy Fynbosplante en daar is 300 inheemse plantspesies wat in hierdie area voorkom. Die Khoi-Khoi het die plante vir medisinale gebruik ontgin en *Aspalathus linearis*, vandag beter bekend as Rooibos, het ook gedien as 'n kruie-drinkie. Hierdie plant het wild gegroei en is vandag bekend as die veldtee. In die ou dae het die Khoi-Khoi klippe gebruik om sap uit die plant te druk vir tee, dan is dit in die son gesit om 'n rooi kleur te kry. Dan was dit gekook en gedrink. In die jaar 1897 was die gebied 'ontdek' en gestig as 'n dorp, wat vandag bekend staan as Nieuwoudtville. Dit is 'n klein dorpie, geleë op die R27 Bokkeveldplato in die Noord-Kaap. Die dorp se area is 26.26 km² (10.1 vkm). Die bevolking tel ongeveer 4000 inwoners van wie 85% afstammeling is van die Khoi-Khoi.

In die vroeë jare was die gereedskap nie so gevorderd soos vandag nie, maar ons voorouers het van osse gebruik gemaak, asook donkies en handgemaakte ploë om die aarde te bewerk. Wanneer die tyd aanbreek om te oes, het hulle klippe en byle gebruik om die tee in klein deeltjies te kap. Daarna was dit ook in die son gelaat en gesweet totdat dit daardie rooi kleur kry. Wanneer dit eers droog is, is dit opgetel en in groot sakke gesit en daardie tee was *stokkiestee* genoem.

Hierdie negatiewe erflating hou steeds aan om die beeld van die Rooibos inheemse boerderygemeenskap te skaad as 'arm kleurlingplaasboere', wat teenstrydig is met hulle status as tradisionele kennishouers - sentraal tot die groei en ontwikkeling van die Rooibos-industrie.

¹⁹Ibid

²⁰Denene Erasmus (9 July 2013) "Wupperthal Rooibos farmers co-operate for a better future", Farmers Weekly. Accessed from:

<https://www.farmersweekly.co.za/agri-business/empowerment/wupperthal-Rooibos-farmers-co-operate-for-a-better-future/> Retrieved 6 February 2018

²¹Ibid

²³Verenigde Nasies Kommissie oor Menseregte (2005) "Rapport van die Spesiale Rapporteur oor die situasie van menseregte en fundamentele vryhede van inheemse mense, Rodolfo Stavenhagen 2005

²⁴Denene Erasmus (9 July 2013) "Wupperthal Rooibos farmers co-operate for a better future", Farmers Weekly. Verkry van:

<https://www.farmersweekly.co.za/agri-business/empowerment/wupperthal-Rooibos-farmers-co-operate-for-a-better-future/> Bekom 6 Februarie 2018

²⁵Ibid

“

“We are, however, still challenged by a lack of ownership of our land. We have very poor access to land. For Khoikhoi descendants, the playing field is never level and we remain the forgotten people. There is little sympathy for, or support to address, the challenges we face. Our own government has not supported our efforts. Instead, we have faced unfair competition from a government-owned business that has actively undermined the organic status of our members. Our farmers farm in a dry and drought-prone area, and climate change impacts include higher temperatures, more frequent and severe droughts and extreme rainfall events. Through our cooperative, we try to develop systems to help our members to expand their existing traditional knowledge to improve their organic practices, but it remains a challenge without sufficient funds available.”

Alida Afrika,

female Khoikhoi indigenous farmer

Tea from the Bokkeveld in the Cederberg

Tee uit die Bokkeveld in die Sederberge

²⁴“History of the Suid Bokkeveld” Accessed from:<http://heiveld3fountains.org/about/history-of-the-suid-bokkeveld/>²⁵Ibid²⁶South African National Biodiversity Institute, (2006) “Poor man’s cup of tea no longer”. Accessed from: http://pza.sanbi.org/sites/default/files/info_library/Poor_tea.pdf Retrieved August 2019

Today, this Rooibos tea is planted and sown on a large scale on farms in Nieuwoudtville. Emerging farmers in the community provide approximately 10-20% of the Rooibos tea in the area. In 2009, the national government, together with the departments of Agriculture and Land Reform, erected the largest tea factory in Nieuwoudtville. This factory was built to help local farmers (commercial and emerging) to facilitate their work, because the farmers now sell their tea to the local factory and do not have to transport their tea to Clanwilliam. The factory also helps emerging farmers with tea seeds, diesel and tools to work their soil. The community members are foremen on tea farms, and many are workers. Many are also employed at the local tea factory, where the tea is processed.

Nieuwoudtville is a town with great potential, especially in agriculture. Rooibos is one of the largest industries in our community. But, after all these years, only the white, commercial farmers have benefited.

The current and emerging indigenous farmers and community members do not own land, but rent small pieces of land. This is a difficult existence. Currently the white farmers deliver about 90% and the emerging farmers only 10% of Rooibos tea. In order to fundamentally change the Rooibos tea process, land reform is necessary.

3.2.3 Suid Bokkeveld Indigenous Farming Community

The Suid Bokkeveld is the area south of the village of Nieuwoudtville, and north of the Doring River. Much of the area is arid Fynbos and is home to a community of Khoikhoi descendants who have been using Rooibos sustainably since time immemorial. The area is home to a re-sprouting variety of wild rooibos that is harvested on a sustainable basis by members of the community and marketed by the Heiveld Cooperative.

The area was the home of San hunter-gatherers and Khoikhoi pastoralists²⁶ whose pasture and hunting grounds were taken from them by colonists after the frontier war of 1739. In the late 1800s, some members of the community were able to secure access to land in the drier parts of the Suid Bokkeveld, and their descendants still farm there today. By the early 20th century, Rooibos and other products were harvested for domestic use²⁷, but for all of the 20th century, the Khoikhoi descendants were excluded from the benefits of commercialising Rooibos. Wild Rooibos growing here is more resistant to drought, pests and diseases.²⁸ Working together in the Heiveld Cooperative has provided us with local and international commercial success.



Vandag word hierdie Rooibostee geplant en gesaai op ‘n groot skaal op plase in Nieuwoudtville. Opkomende plaasboere verskaf omtrent 20% van Rooibostee. In 2009 het die nasionale regering saam met die Department van Landbou en Grondhervorming die grootste teefabriek hier in Nieuwoudtville opgerig. Daardie fabriek was gebou om die plaaslike kommersiële en opkomende boere te help en om hulle werk te fasiliteer, omdat die boere nou hulle tee aan die plaaslike fabriek verkoop en nie meer hoef Clanwilliam te gaan of te vervoer nie. Die fabriek help ook die opkomende boere met teesade, diesel en gereedskap om die grond te bewerk. Sommige van die gemeenskap se lede is voormanne op tee plase en baie is arbeiders. Baie is ook werkers by die plaaslike teefabriek, waar die tee verwerk word as die laaste stap.

Nieuwoudtville is ‘n dorp met baie potensiaal, veral in landbou. Rooibos is een van die grootste industrieë in onse gemeenskap, maar al hierdie jare was dit net wit kommersiële boere wat daarby gebaat het.

Die huidige, inheemse opkomende boere en lede van ons gemeenskap besit nie grond nie maar huur klein stukkie grond, wat ‘n bitter moeilike manier is om ‘n bestaan te voer. Die grootste uitdaging in Nieuwoudtville is dat ons grond verkies omdat die tee onse lewens kan verander. Tans ontgin die wit boere 90% van die tee en opkomende boere net 10%.



3.2.3 Suid-Bokkeveld Inheemse Boerderygemeenskap

Die Suid-Bokkeveld is die gebied suid van die dorp van Nieuwoudtville, en noord van die Doringrivier. ‘n Groot deel van die area is bedek met droë Fynbos en is die woonplek vir ‘n gemeenskap van Khoi-afstammeling, wat rooibos ontgin het op ‘n volhoubare manier vanaf die oertyd. Die gebied is die tuiste vir ‘n verskeidenheid van wilde rooibos wat weer uitspruit, en wat op ‘n volhoubare basis ontgin word deur lede van die gemeenskap en bemark word deur die Heiveld Ko-operatief.

